KONVENT VIR EENHEID

NOTULE

VAN DIE VERGADERING VAN DIE
DAGBESTUURVAN DIE UK
GEHOU OP DINSDAG 9 MEI 2006 PER TELEFOONKONFERENSIE

1. KONSTITUERING

1.1 Opdrag

1.1.1 Die dagbestuur konstitueer in terme van 'n besluit deur die UK Konvent vir Eenheid op 27-28 Februarie 2006 wat lui:

8.4.14.2 Die volgende organisatoriese reëlings word getref (pte 2.1 - 2.5 van Bylaag J):
***1 Daar word net een UK vergadering [volle UK] in die boekjaar 2006/07 gehou.**
***2 Twee lede uit elke NG moderatuur en drie uit die VGK moderatuur (soos deur elke moderatuur aangewys) vorm 'n dagbestuur wat deurlopend die sake van die UK monitor en behartig. Hulle kies 'n voorsitter en skriba uit eie geledere wat die drywers word van die proses.**
***3 Die dagbestuur rapporteer deurlopend terug aan die drie moderature en die moderature neem waar nodig die besluite wat nodig is vir die proses.**

1.2 Presensie

1.2.1 Die volgende persone is deur hul onderskeie moderature op die Dagbestuur aangewys:

1.2.1.1 VGK Kaapland

Ds Pieter Grove
Ds Lucas Plaatjie
Ds Themba Nyatyowa

1.2.1.2 NGK Wes-Kaapland

Dr Hannes Koornhof
Ds Monty Sahd

1.2.1.3 NGK Oos-Kaapland

Dr Chris van Wyk
Ds Danie Mouton

***Nota**: Al die lede is teenwoordig, behalwe Temba wat siek is. Sy plek word deur Averell geneem. Die vergadering konstitueer.*

1.3 Aanwysing van 'n voorsitter en skriba

1.3.1 Verwys na pt 8.4.14.2.2 uit die notule van die UK Konvent van 27-28 Februarie 2006 soos hierbo by pt 1.1.1 aangehaal.

***Besluit**: Pieter [voorsitter] en Hannes [skriba] word aangewys vir een jaar*

2. OPDRAGTE VAN DIE UK (2006-02-27,28) AAN DIE DAGBESTUUR

Bylaag A

2.1 Waarderende Ondersoek (pt 6.9.3 en 8.4.14.2.5)

***Besluit:** Daar word besluit dat die Taakspan gevra word om met 'n konkrete voorstel na die Dagbestuur te kom. Hulle hoef nie te voel dat hulle die volle sinodale streek moet bereik nie. Indien dit eerder 'n lootsprojek sou wees en die Konvent word as opleidingsgeleentheid gebruik, is dit ook in orde. Hulle sal wil hê dat daar uitsluitsel deur die Dagbestuur gegee word oor 'n moontlike Konvent vroeg in 2007. Die Dagbestuur besluit dat dit wel moontlik behoort te wees. Die Taakspan moet ook 'n agenda vir die Konvent voorstel. Hannes Koornhof sal hierdie versoek van die Dagbestuur dadelik aan Hannes Theron as voorsitter van die Taakspan kommunikeer. Hy moet deel wees van die volgende vergadering van die dagbestuur.*

2.2 Wysiging van ringsgrense: Voorstel aan drie deelnemende sinodes (pt 8.1.3.1)

***Besluit**: Om betyds te wees vir die VGK Kaapland Sinode moet so 'n voorstel op die laatste einde Junie gereed wees. Daar word besef dat so iets sensitief kan wees. Daar moet konsultasie met ringe wees voordat sulke veranderings gedoen kan word. Een opsie is dat sinodes 'n dekkende besluit neem wat dit vir ringe moontlik maak om met die oog op eenheidstrukture onderling besluite te neem om oor ringsgrense te werk en gemeentes uit ander ringe in die eenheidstruktuur in te sluit. Die Taakgroep word gevra om hieroor 'n spesifieke voorstel te maak wat gereed sal wees vir die Dagbestuur se volgende vergadering.*

2.3 Versoeke deur die SKG-Konferensie: Gemeente en Kerkhereniging (pt 8.1.3.2) Bylaag B

***Besluit**: Daar word besluit om die SKG te vra om 'n soortgelyke konferensie ook in die Oos-Kaap te hou.*

2.4 Datum: Konvent 2007 (pt 8.3.2.1)

Besluit: *afgehandel by punt 2.1*

2.5 Gesamentlike sinode / konferensie tussen die drie sinodes (pt 8.3.2.2)

Besluit: *dit is eintlik ook afgehandel by 2.1 aangesien dit nie moontlik sal wees om sulke byeenkomste asook 'n Konvent te hou nie. Die saak word egter op die agenda gehou met die oog op sulke geleenthede vorentoe.*

2.6 Voorlegging: Algemene Sinode 2007 (pt 8.3.2.3)

Besluit: *Daar word besluit dat sulke voorstelle ook eintlik van die Taakspan af moet kom. Die Taakspan moet vir die UK 'n soort "roetekaart" gee van waarheen ons beweeg en hoe watter byeenkomste en geleenthede daarby inpas. In terme daarvan moet voorstelle na sinodes gaan. Hulle word gevra om dit aan die Dagbestuur met die oog op die volgende vergadering te voorsien.*

3. ANDER SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 2006-02-27,28

3.1 Vertaling: Eietydse Kommentaar op die Belydenis van Belhar (Themba en Hannes Theron) (pt 6.1.2.2)

Besluit: *Hannes Koornhof sal opvolg. Dit moet aan Danie gestuur word wat dit in een dokument sal saamvoeg wat in al drie tale is.*

3.2 Ondersoekspan insake restitusie (pt 6.2) (Pieter Grove)

Besluit: *Pieter hanteer dit self*

3.3 Begroting 2006-7 (pt 6.3) (Themba Nyatyowa)

Besluit: *Monty sal dit met Themba opvolg*

3.4 Finansiële hulp aan gemeente en leraars - Vraelys (pt 6.4.3) (Averell Rust, Pieter Grove)

Besluit: *Pieter en Averell sal dit afhandel en aan Danie besorg*

3.5 Inligtingsvorm en navraag oor vervreemde eiendomme (pt 6.5.3) (Averell Rust en Pieter Grove)

Besluit: *Pieter en Averell sal 'n vraag hieroor insluit by die inligtingsvorm [Sien notule UK Febr 2006 punt 6.5.3]*

3.6 Gespreksdokument: ervarings van die verlede en die pad vorentoe (pt 6.8) (Averell Rust en Eddie Ngeva)

Besluit: *Die voorleggings aan die WVK is reeds aan al die UK-lede gestuur. Lukas en Pieter sal seker maak dat daar aandag aan die saak gegee word met die oog op die volgende volle UK-vergadering.*

4. VOLGENDE VERGADARING

Besluit: *Donderdag 15 Junie om 13:00. Hannes Theron moet deel van die vergadering wees. Danie Mouton sal weer die vergadering reël. Die datum van die volgende volle UK-vergadering sal deel van die roete-kaart wees wat deur die Taakspan aan die volgende Dagbestuurs-vergadering voorgelê word.*

AFSLUITING

Die vergadering word om 16:20 afgesluit